# ISRAEL EN DIE KERK 2

. . . periode van—van hierdie diens, ons maak nou die Bybel oop by die 1ste hoofstuk van Eksodus, om vanaand met ’n studie te begin. Dis ’n lang, baie lang studie, en ons probeer dit net in ’n—’n paar aande inkry. Waarom ek dit doen, dat ek glo die herlewing sal voortgaan deur Pase, en miskien verder. Ons wil nooit te veel begin van . . . wanneer jy net jou pad voel nie. Ek’s ’n groot gelowige daarin.

2 Presies waarom ek hier in hierdie herlewing is, weet ek—ek nie. Ek . . . Dis alles ’n verborgenheid vir my. Toe die bestuurder my vanmiddag geskakel het oor die dienste oorkant by Macon, Nashville en daardeur, en ons het alles gekanselleer. Party van hulle het ouditoriums gehad wat ons probeer kry het vir die afgelope drie of vier, vyf jaar, sitplek vir, baie, twintigduisend mense. En die . . . ons het die laaste diens verlaat (verskoon my) by Meridian, het vyf-en-veertighonderd binne-in gehad, en ons weet nie wat aan die buitekant was, gestaan het in die reën en storms en dinge nie, ons . . . daarbuite gestaan het nie. En toe ons Tallahassee verlaat het, was dit net so, ons kon nie eens ’n plek kry om die mense te laat sit nie. En die Heilige Gees het gesê: “Stop. Gaan nou huis toe, wag, ek maak gereed om jou oorsee te stuur.” Wel, hier is ek.

3 Ek het net sewe dienste gekanselleer. So pas sewe byeenkomste gekanselleer, en een van hulle hier in Indiana, Connersville. En een van hulle bo in Alberta, Kanada, in ’n groot arena daar, met sitplek vir vyf-en-twintigduisend mense, wat ons probeer het om daardie arena vir geruime tyd te kry. En net toe ons dit gekry het, en alles net gereed om ’n nasie-wye uitreik daar te begin waar ons miskien dertig, veertigduisend mense verwag het, het die Heilige Gees gesê: “Stop,” en my toe hier na die tabernakel toe gestuur soos vanaand. Sien? Sien, jy moet doen wat Hy vir jou sê om te doen.

4 Julle sê: “Sal jy groepe mense soos daardie verlaat om na ’n—’n klein tabernakeltjie toe te kom?” Wel, nou, wag ’n bietjie. Ons dien God. Sien?

5 Filippus het ’n groot herlewing verlaat, toe hy die hele Samaria in beroering gehad het, en uitgegaan in die woestyn, Gasa. En het daar gestaan om een man te vind, en het nooit teruggekeer na die herlewing toe nie. Is dit reg? Bo na die woestyn toe, Gasa, een man gevind, die Ethiopiër, hy is bekeer. En toe het hy weggedraai van daar af, hy het nooit weer teruggegaan na Samaria waar hy die—die groot herlewing gehad het nie.

6 Nou, ons is beslis dankbaar vir die leiding van die Heilige Gees. Ons moet gaan soos ons gelei word om te gaan. En ek voel baie definitief gelei om—om hiernatoe te kom in hierdie diens om dit te doen. Is ek net 'n bietjie . . .

7 O, verskoon my, broer. Hier's ook nog 'n paar, Broer Fleeman, as jy sal. Neem hulle miskien, iemand wat nie 'n Bybel het nie. Die Ou Testament, ons bestudeer die Ou Testament, spesifiek, vanaand, omdat ons die patroon neem. Steek julle hande op, julle wat een wil hê, sodat hulle dit na julle toe kan bring. Bring julle Bybels, julle potlode en papier, en alles, en sodat julle die teks kan neerskryf.

8 Gisteraand het ons 'n bietjie laat gebly, gisteraand. Ek gaan my bes probeer om vanaand op te maak, indien moontlik. Ek is net so lief vir die Woord, dat, wanneer ek Daarin ingaan, ek net verdiep raak. Ek dink ons het van Génesis af oorgegaan na Openbaring gisteraand, die heelpad deur. Ek vergeet net van alle tyd en alles.

9 Hierdie is die eerste keer wat ek een van hierdie dienste gehad het, vir sewe jaar, hierdie volgende week, ek het die herlewing afgesluit by die tabernakel. Hoeveel onthou wat my vaarwelpreek was? *Wie Is Hierdie Onbesnede Filistyn Wat Die Leërs Van Die Lewende God Probeer Uitdaag?* Dit was my vaarwelpreek by die tabernakel, sewe jaar gelede, verlede, hierdie komende week. Goed, my dogtertjie daar was twee weke oud. Ek het God belowe as Hy "my sou laat bly totdat sy gebore is, dan sou ek gaan." En toe het ek van toe af gereis, nag of twee, hier en daar. So, die Here het ons geseën op groot maniere. Omtrent om en by 'n halfmiljoen siele is bekeer reg in ons—ons diens. Dink net daaraan, in sewe jaar! Dit wys. Dertigduisend, in een dag. Julle weet, dis wonderlik. Elke keer wat ek daaraan dink, swem my kop. Vandag, briewe gekry van onder in Afrika, wat gesê het: "Die hele suidelike Afrika word weer geroer, gereed," wil net die datum weet wanneer ons sal terugkom. O, goeiste!

10 En toe het die Here die visioen gegee, en gesê: "In Indië, dat driehonderdduisend mense een diens bywoon." Skryf julle dit neer, kyk of dit reg is of nie.

11 Nou, soveel daarvan, dit gaan oor die genesing, oor genesing. Ek probeer nou my gedagtes daarvan ontspan, net om die Woord te onderrig. Nou, ek's 'n swak hand daarmee, maar ek—ek hou daarvan om te sê wat ek Daarvan weet.

12 En nou Sondag gaan ons hê, Sondagoggend, vrae, enige vraag oor die Skrif waaroor julle my opinie wil hê. En so sal ons probeer om dit deur die Bybel te bring so goed ons kan, Sondagoggend. Bring julle dit voor Sondagoggend, tot Saterdagaand, enige vraag oor die Skrif, enigiets wat julle verstand verwar. En dit sal vrae wees, Sondagoggend. Hou julle

daarvan? Nou, as jy iets het, jy net sê: "Ek kan nie verstaan hoe hierdie dinge kan wees nie." Wel, bring dit en laat ons sien of ons kan saamspan, miskien kan ons almal saam dit kry. Ek sal my heel beste doen om dit in die Skrif te kry, want ek glo dat dit Skriftuurlik moet wees of dit is nie geldig nie.

13 Nou, gisteraand het ons die eerste begin opgetel van "die kerk." God wat vir wie belowe het? Abraham, wat die vader van ons almal is. Want dit was Abraham, die belofte gemaak is; en die belofte net aan Abraham gemaak was, aan hom en sy Saad. Is dit reg? "Abraham, en aan sy Saad." En sy Saad was nie al sy kinders nie, maar: "In Isak is sy Saad genoem." Is dit reg? En hier is die resultate van Abraham se Saad: Jesus Christus is Abraham se Saad, en ons, wat dood is in Christus, neem Abraham se Saad aan en is erfgename volgens die belofte. Amen. Prys God!

14 Ons hier wat nou verbygaan, wanneer 'n man, vrou verby vyf-en-twintig jaar oud gaan, kan dit net sowel aanvaar, sien, jou jong dae is verby. En om te dink, daardie glorieryke belofte, soos ons staan voor die ondergaan van die son. Wat is dit? Is die lewe verby? O, nee. Die lewe het net nog nie begin nie. O, ons gaan net! Ek wens net dat daar 'n manier was wat ons kon rustig raak, totdat tyd niks beteken het nie, en net so binne te bly en daardie dinge uit die Skrifte uit te kry, voor die mense. Hulle is daar, vriende. Ek kan dit bewys deur God se Bybel, en die hulp van die Heilige Gees, dat elkeen van julle wat in Christus is, wedergebore, dat daardie grys hare een van hierdie dae sal verander, en die plooie uit julle gesig sal verdwyn. Julle sal weer teruggaan na 'n jong man of vrou, en vir ewig lewe saam met Christus Jesus. Ek kan julle wys waar God dit bewys het in die Bybel, die skaduwees en die tekens daarvan gewys het, en dit belowe en daarby gesweer het, dat Hy dit sou doen. Hoe wonderlik! Sal ek dan my vrou liefhê? Sekerlik, meer as wat ek nou het, selfs. Ek weet nie hoe dit kan wees nie, maar ek sal. Sal sy myne wees? Sekerlik, sal my metgesel wees. Sy sal . . . sal geen kinders of niks wees nie, maar die kinders wat ons hier op aarde het, sal daar wees saam met ons as hulle wedergebore is. Dis reg. Sal dit nie wonderlik wees nie?

15 Ek het altyd gedink, Ma het altyd vir my gesê (verskoon my, Ma, dit was voor jy ook van beter geweet het) dat ons vlerke sou hê en daarbo rondvlieg, julle weet. En, wel, ek hou van eet, drink, handskud met mense, gemeenskap hou. Ek het gedink: "O, goeiste, dan sal dit verby wees." O, nee. Ek het uitgevind God het my nooit 'n Engel gemaak nie, Hy het my 'n man gemaak, en ek sal altyd 'n man wees en nooit 'n Engel wees nie. Dis 'n fout. God het Engele, sekerlik, Hy het Engele gemaak. En Hy het Gérubs met vlerke gemaak, en Hy het Engele sonder vlerke gemaak.

16 Toe ek altyd hierdie ou liedere gehoor het, toe ek 'n sondaar was en in daardie plekke ingegaan het, van "bruin-oog Engel

wag vir my;" het ek gedink: "O, goeiste, 'n Engel!" En ek het uitgevind dis 'n leuen van die duiwel. Was nooit so-iets nie. Sien?

17 Ons is absoluut mans en vroue. En ons sal terugkeer na hierdie aarde toe, as mans en vroue. Dis reg. Dis God se lering. Wanneer jy daardie dinge sien, laat dit jou vir Jesus Christus waardeer.

18 Nou wat ons vanaand probeer doen, is om 'n skaduwee te gooi, van wat die Ou Testament was, na die Nuwe Testament. "En al die ou dinge," sê die Skrif: "was 'n tipe of 'n skaduwee van die dinge wat sal kom." Nou, pragtige les vanaand, Eksodus. Ons het die kinders van Israel gisteraand gelos . . .

19 Wat is Israel genoem voor hy sy naam Israel gehad het? Wie in die klas kan antwoord, wie was Israel voor hy gegee het, daardie geestelike naam gegee is? Nou, iemand behalwe 'n prediker, ek het 'n prediker sy hand sien opsteek. Goed, iemand behalwe een van julle predikers. [Iemand sê: "Jakob"—Red.] Jakob, dis reg. En wat—wat het gemaak dat hy hierdie geestelike naam gekry het? Iemand het iets gesê. ['n Broer sê: "Oorwin teen die Engel."] Oorwin teen die Engel, en met hom geworstel, en gesê: "Ek sal u nie laat gaan voor u my seën nie."

20 Haai, wil jy 'n geestelike naam hê vanaand? Kry net die Heilige Gees beet, en sê: "Here, ek gaan nie hierdie tabernakel verlaat voor U my seën nie," dinge sal anders lyk wanneer jy vertrek. Wees jy net so vasbeslote as wat Jakob was, jy sal 'n seën kry.

21 En, kyk, hy het sy heupbeen aangeraak, en Jakob het anders geloop. Amen. Ek hoop dit is goed tuisgebring. Wanneer jy met God worstel, sal jy anders loop daarna. Kyk! 'n Sterk . . . Aan die ander kant van die spruit, die rivier, was hy 'n sterk, groot man; afvallig, egter, weg van God af, weggehardloop van sy broer af, weggehardloop van God af; maar fris en sterk. En aan die ander kant van die spruit, 'n mank prins. "Jy is 'n prins voor God, want jy het krag voor God, as 'n prins." 'n Mank prins, en hy was sy hele lewe lank mank. Hoe God dinge doen! Is Hy nie wonderlik nie?

22 Nou, die aartsvaders, ons het gisteraand gelos, in Génesis, waar die laaste van die vier wat God Sy belofte gegee het, Abraham, Isak, Jakob, Josef was. God se . . . Wat was dit? In Abraham het ons gevind, gisteraand, vir die Christenkerk vandag, uitverkiesing, uitverkiesing. En in Isak, regverdigmaking. En in Jakob, genade.

23 Jy sou in genade moes glo as jy Jakob se lewe lees. Jy sou moes sien dit was uitverkiesing en roeping, want, o, die dinge wat daardie kêrel gedoen het! Maar, tog, het God hom geseën. God het vir hom gesê wat gaan gebeur, so Hy het hom geroep. Maar julle let op nadat hy geworstel het met hierdie Engel, het dinge anders begin lyk. Toe, toe hy voor Farao gekom het, het hy

gesê: "My pelgrimstog was *soveel* jare." God het hom laat weet dat hy net 'n pelgrim was.

Nou, en in Josef, volmaaktheid.

24 Let op, drie stadiums. Regverdigmaking deur geloof, heiligmaking deur die Bloed, doop van die Heilige Gees. Dan volmaaktheid, verheerlik. Die Bybel het gesê: "Hulle wat Hy geregverdig het," hierdie is vir die geestelike verstand: "het Hy ook verheerlik." Is dit reg? "Hy vir wie Hy geregverdig het." Dan as Hy ons nou geregverdig het, is ons alreeds verheerlik in Sy toestand. Nie Hy—Hy "*sal*" nie. Hy "het" verheerlik! Sê, dis diep, is dit nie? Maar dis wat die Skrif sê.

25 God het vir Abraham gesê: "Ek het jou geseën, en Ek het jou 'n vader gemaak." Nie "Ek sal" nie. "Ek het! Ek het jou gemaak. En jy sal na My toe kom op 'n ou ouderdom. Jy gaan gered word. En ek het dit alreeds gedoen, ek het alreeds so gesê. Jy het niks daarmee te doen nie, dis onvoorwaardelik." God was vasbeslote om Sy kerk te hê. So elke keer wat Hy 'n verbond met die mens gemaak het, verbreek die mens sy verbond, en hy doen dit vandag nog. Die mens sal altyd sy verbond met God breek, maar God kan nie Sy verbond met die mens breek nie. So: "Ek sal!"

26 Julle let op destyds daar toe Hy vir Adam gesê het in die begin, Hy gesê het: "Nou, moenie *hierdie* doen nie, en jy kan *hierdie* doen, en nie *daardie* doen nie," Adam het reguit omgedraai en dit gebreek. Maar toe het God gesien dat hy verlore was, Hy het gesê: "Ek sal vyandskap stel, Ek sal vyandskap stel tussen jou Saad en die slang se saad. En Hy sal die kop vermorsel, en, of Hy sal byt, sy—sy kop sal jou Hakskeen byt."

27 Nou: "Ek sal," wanneer God sê Hy sal enigiets doen, kan jy maar kyk dat dit gedoen sal word. Wanneer die mens sê hy sal enigiets doen, is ek nie so seker daarvan nie. Maar God het vir Abraham gesê: "Ek sal jou red, en jou Saad na jou." Nie net Abraham nie, maar al Abraham se Saad. Onvoorwaardelik! Sê, as julle my sal verskoon, ek dink ek mag dalk 'n bietjie skree. Kyk! O, julle besef net nie, mense, wat dit beteken nie. Miskien het party van julle nog nooit diep genoeg gedink om daar in te kom nie.

28 God het alreeds Sy Kerk verheerlik. Hulle wat Hy geregverdig het, het Hy ook verheerlik in die Kerk, in Christus. As jy geregverdig is in Christus, is jy verheerlik in Christus, alreeds, wat God betref.

29 Jesus het gesê: "Wees julle dan volmaak, soos julle Vader in die Hemel volmaak is." Hoe kan jy ooit volmaak wees? Maar in die oë van Christus, vanaand, is elke wedergebore Christen volmaak. Ek is net so volmaak in God as wat Christus was, julle is, ook, elke ander gelowige. Want, dis nie my heiligheid nie, dis Sy heiligheid. God kan nie myne aanvaar nie, ek het niks. Maar

ek kom in Christus, deur geloof. En, deur Christus, is ek in Hom, en volmaak in die oë van God.

30 Kyk! “Deur een Gees word ons almal gedoop in een Liggaam, en word lede van hierdie Liggaam.” In Romeine 8:1: “Daar is dan nou geen veroordeling vir dié wat in Christus Jesus is nie, vir dié wat nie na die vlees wandel nie, maar na die Gees.” En ’n man wat in Christus Jesus is, wandel na geestelike dinge. Vir die wêreld, sy vleeslike verstand, is dit dwaasheid. Maar vir hulle wat glo, is dit ewigdurende Lewe. Amen. Daar het julle dit. O, hoe wonderlik! Wat kan jou dan skaad? Jy’s in Christus! En net so seker as wat God Jesus uit die dood opgewek het, sal ons in Christus kom. Amen. Ja, ons moet, God het dit klaar belowe. Want, net so seker as wat daardie Liggaam opgaan waarin ek is, daardie Liggaam, moet ek Daarmee saamgaan.

31 Nou sê: “Glo jy dan in Ewige sekuriteit, Broer Branham?” Op een manier, glo ek. Ek glo dat die Kerk Ewiglik veilig is, die Kerk is. God het alreeds gesê dit sou voor Hom verskyn, sonder vlek of rimpel, die Kerk sal. Nou, die volgende ding, as jy in die Kerk is, dan is jy veilig as jy in die Kerk is.

32 “Hy wat na My toe kom, sal Ek op geen manier uitwerp nie.” Is dit reg? En luister, hier’s die Man se Woord daaroor, Jesus Christus, Johannes 5:24: “Hy,” wie ook al: “Hy wat My Woorde hoor, en glo in Hom wat My gestuur het, het (teenswoordige tyd) ewige Lewe.” Dis nie net van een diens na ’n ander nie. Ewige Lewe! “En sal nie in die oordeel kom nie” of veroordeel word nie, nooit uitgewerp word nie, “maar het (verlede tyd) oorgegaan uit die dood in die Lewe.” Johannes 5:24, het Jesus so gesê. “Ek is die Brood van die Lewe wat van God uit die Hemel kom. Julle vaders het manna geëet in die woestyn, en is dood, maar hy wat My vlees eet en My Bloed drink, het ewige Lewe, en Ek sal hom opwek in die laaste dae.” Dis wat Hy gesê het.

33 Nou, daar’s baie wat voorgee om daarin te wees. Daar’s baie wat teen hulleself veg, en reg probeer lewe en probeer indruk. Ek weet nie daarvan nie. Maar as hulle daarin is, is dit net so maklik om ’n Christenlewe te lei as wat dit is om enige lewe te lei, want jy’s in Christus, en niks anders as net die volle Heilige Gees lei jou, en begelei jou en rig jou nie. En, wel, jy sal beslis foute maak en val, maar jy kan nie onder bly nie, want, net so min as wat jy ’n—’n mieliestingel ’n—’n wildevyeboom kon maak. Jy kan dit nie doen nie. Jesus het gesê: “Aan hulle vrugte sal julle hulle ken.” Jy het ewige Lewe.

34 Een van die grootste vloeke van die kerk vandag, is vrees. Almal is doodbang, dis “Wat gaan gebeur, wie, wat?”

35 Wel, Jesus het gesê: “Selfs wanneer die verskriklike dinge kom, lig op jou kop en juig, want, groot, julle verlossing kom nader wanneer hierdie dinge gebeur.”

36 Nou, hoe Hy die Kerk deur daardie reis geneem het! Hoe destyds, selfs in Abraham en Isak en Jakob, en hulle almal, kyk na die foute wat hulle gehad het, maar God was met hulle. 'n Skaduwee. Kyk na Abraham vir 'n oomblik.

37 Ek—ek—ek weet ek het baie Armeense luisteraars vanaand, maar ek—ek wil—ek wil dit vir julle opklaar.

38 God het vir Abraham gesê, deur uitverkiesing en deur genade, dat: "Ek gaan jou na My toe bring, op 'n ou ouderdom." Met ander woorde: "Ek gaan jou red. Ek gaan jou deurneem. Jy gaan 'n lang lewe hê. Jy gaan 'n kind hê. Nie . . . Nog kinderloos, Sara; gaan jy, en jy gaan 'n kind hê. En, in daardie kind, gaan Ek die wêreld red." Nou, voor Abraham een ding gedoen het om dit te verdien, maar Hy het net eenvoudig . . . God het hom geroep. Dit was al.

39 Hy was net 'n Chaldeër daaronder in die stad van Ur, afgekom in die valleie van Sinear, van die toring van Babel, van afgodediens af. Ek dink sy pappa was 'n afgodedienaar. En ek dink Laban, na hy daaronder gekom het, het dit bewys, hy het daardie afgode gehad. Waar kon hy hulle gekry het, as hy nie uit die toring van Babel gekom het nie? En uit Gam se mense het Nimrod gekom. Nimrod het die toring van Babel opgerig, wat afgodediens was, die eerste afgodediens op die aarde.

40 Nou, en kyk hoe daardie Babelse toring reguit afkom, Babel, en reg af daardeur en hier oorkant in Openbaring opeindig; 'n Christen, godsdienstige afgodery, wat voorgee om Christelikheid te wees. O! Johannes het haar gesien in Openbaring 17, haar bewonder, hoe sy gesit het, gelyk het soos, en die Naam van Jesus gedra het en wat nog, en tog die heiliges van die lewende God vervolg en doodgemaak het. Die Engel het gesê: "Kom hier, en ek sal jou wys wie sy is." Gesê: "Sy's 'n groot kerk wat oor baie sit, op sewe heuwels, en oor die aarde regeer, ensovoorts. Hoe sy die bloed van die martelare van Christus gedrink het!" O, genade!

41 Mense, ons lewe in die eindtyd. Hoeveel van julle mense het jare gelede gehoor hieronder toe hulle my hier sou laat arresteer het omdat ek gepreek het oor daardie "merk van die dier"? Toe ek gesê het dat Mussolini, toe hy die eerste keer aan bewind gekom het meer as twintig jaar gelede, het ek gesê: "As Mussolini ooit na Etiopië toe gaan, skryf dit neer, sal daar nooit vrede wees totdat Jesus Christus kom nie." En ek het gesê: "Daar sal drie groot ismes wees, Kommunisme, Fascisme, en Naziïsme." En ek het gesê: "Hulle sal opeindig in een isme, en daardie een isme sal die wêreld oorheers en sal die Vatikaanstad verbrand." Julle onthou dat ek dit jare en jare en jare gelede gesê het. En net presies so!

42 Ek het gesê: "Net voor daardie tyd kom, dat motors . . . " Wat met daardie ou plat agterkante gebou is, twintig jaar gelede of vyf-en-twintig jaar gelede. Julle kan in elk geval twintig jaar onthou. En ek het gesê: "Hulle sal soos 'n eier lyk. Hulle sal

gevorm wees. Dis ’n visioen. Sou iets in die vorm van so-iets soos *daardie* wees.” En dis hoe hulle sal wees net voor die Wegraping.

43 Maar God maak nou net die kerk oral los, om in orde te kry sodat Hy in die Wegraping kan kom, moet dit wegrapingsgeloof gee voor dit in die Wegraping kan gaan.

44 Die mense is in die gees van die laaste dag, net soos hulle was in die dae van Noag, eet, drink, trou, word in die huwelik uitgegee, onbesorg, gee nie om nie, loop rond, en enigiets anders. En hierdie Amerikaanse mense is die ergste op aarde! Roekeloos, verwaand, bandeloos, wreed, sonder liefde, ’n beterweter. As daar enige plek in die wêreld is. . . Met my Bybel oor my hart, en God wat weet dat ek. . . afkyk op my en weet ek sal voor Hom moet staan voor die oggend. As ek so moes sê, die plek wat sendelinge nodiger het as enige plek in die wêreld, is die V.S.A., die Verenigde State van Amerika. Die grootste klomp heidene waarvan ek enige plek weet, is in Amerika. *Heiden* beteken “ongelowige.”

45 O, hulle glo teologie. Hulle is so verhard en onbesorgd dat jy op geen manier met hulle kan praat nie. Ek kan ’n man daarbuite neem, nog nooit van God gehoor het nie, wat ’n afgod aanbid, en meer met hom doen binne vyf minute as wat jy kan met ’n kêrel wat bely om ’n Christen te wees, ’n ou mosbegroeide ding wat rondgehang het en ’n klomp van hierdie balsemvloeistof gekry het, en in sy are ingetrek het. Laat my dink aan een van daardie ou koue lykshuise hieronder iewers, soos ’n ondernemer. Dis reg. Gaan sit daarrond, gaan in, sit. . . Ek gaan in daardie ou, groot ou kerke in, en dit laat my dink aan ’n—’n lykshuis. Die geestelike termometer gaan ’n honderd onder vriespunt. Jy moet jouself omtrent inwaad. Ek sê dit nie as ’n grap nie, maar dis die waarheid. Party van hulle weet nie meer van God nie, staan daarbo en sê: “Wel, nou, ek sal jou sê, ek glo dis alles. . . ” My, goedheid! Wel, jou bedrieër van mense, jy bly uit die Koninkryk van God uit en leer ander om uit te bly. Hulle het ’n bietjie vloeistof ingesit, soos om ’n dooie man na ’n lykshuis toe te neem. Hulle—hulle haal al sy bloed uit, en sit iets daarin om seker te maak dat hy dood is. Wel, dis omtrent hoe hulle maak. Haal die bietjie godsdiens wat die mense het, of die bietjie geloof wat hulle het, uit, en spuit een of ander ou, en—en teologie in hulle in, en maak hulle erger dood, en hou hulle dood. Dis al. Dis reg. Verskriklik! Goeiste! En dan sê hulle: “O!”

Ek het vir ’n vrou gesê: “Is jy ’n Christen?”

Sy het gesê: “Ek sal jou laat verstaan, ek’s ’n Amerikaner.”

Ek het gesê: “Dis nie wat ek jou gevra het nie.”

’n Ander een het na die platvorm toe gekom, gesê, Broer Bosworth het gesê: “Is jy ’n Christen, dame?”

46 Sy het gesê: “Wel, die einste. . . Wel,” het sy gesê: “ek sal jou laat verstaan, ek brand elke aand ’n kers.” O, goeiste! Elke aand

'n kers brand, maak jou 'n Christen? Jy kan die hele wêreld vol brand, dit sal jou nooit help nie. Totdat die brandende Vuur van die Heilige Gees jou siel gereinig het van sonde, is jy steeds 'n sondaar! Dis in die hart.

47 "Wel, ek woon in Amerika." Wel, dit maak geen verskil nie. Dit maak jou nie enigiets nie. God respekteer my nie omdat ek 'n Amerikaner is nie. Hy respekteer nie 'n Duitser omdat hy 'n Duitser is, of 'n—of 'n Pole omdat hy van Poland af kom nie. Hy respekteer nie 'n Afrikaan nie, omdat hy van Afrika af kom nie. God is nie geïnteresseerd in Afrika nie, Hy is ook nie geïnteresseerd in Duitsland nie, Hy is ook nie geïnteresseerd in die Verenigde State nie. God is geïnteresseerd in een Koninkryk, en dis die Koninkryk van God, en mense uit alle nasies kom Daarin. En hulle word Daarin gebore deur die Saad van Abraham, wat Jesus Christus was, en is erfgename volgens die belofte.

48 Elke nasie onder die Hemel word deur Satan gedomineer. Die Bybel het so gesê. Man, dit het 'n demper geplaas, het dit nie? Satan het Jesus Christus opgeneem en Hom al die koninkryke van die wêreld gewys. Is dit reg? En hy het gesê: "Hulle is myne en ek sal met hulle doen wat ek wil. En Ek sal hulle vir jou gee as jy neerval en my aanbid."

49 Jesus het gesê: "Wyk, Satan!" Sien? Jesus het geweet Hy gaan Erfgenaam word van daardie koninkryke.

50 Nou oorkant in Openbaring, by die einde van die wêreld, het die Bybel gesê: "Juig, julle hemele, en al julle heilige profete, want die koninkryke van hierdie wêreld het die koninkryke van ons Here en Sy Christus geword, en Hy sal heers en regeer vir ewig."

51 Daniël het Hom gesien soos 'n Rots wat uit die berg gekap is, wat inrol en die beeld in die voete tref, en dit stukkend breek, en die Koninkryk van God het gegroei. Wanneer Christus oorneem, in die Millennium, sal daar geen siekte, geen droefheid wees nie. Elke, al die wapens sal—sal in ploegskare verander word, en ons sal nie meer oorlog maak nie. Dis al. Dit sal alles verby wees wanneer Jesus kom. Tot dan, solank Satan die nasies regeer, sal daar dan oorloë en gerugte van oorloë wees, totdat Jesus kom. Amen.

52 God, help ons! Soos ek na julle kyk en besef vanaand, om hier te staan en leer uit die Woord van God, dat julle Ewigheid-bestemde mense is. Elke man en vrou, seun en dogter, hierbinne, gaan eendag in die Teenwoordigheid van Christus staan. ek sal moet antwoord gee vir wat ek voor julle gesê het, as Sy dienskneg. En waarom sou ek nalaat om julle die Waarheid van God te vertel? As God die Woord so geëer het wat ek gepreek het, dat Hy Dit om die wêreld laat gaan het, en Dit geëer het in konings se paleise en oral, en nie een keer het Hy enigiets gesê behalwe

wat dit net presies was soos Hy dit gesê het nie, dan sou Hy my sekerlik nie iets laat sê wat verkeerd was nie. En ek sê vanaand, my Christenvriend, maak nie saak aan watter kerk jy behoort, waar jy ook al is nie, as jy nie in die Koninkryk van God is, deur die doop van die Heilige Gees wat jou in die Liggaam van Christus inbring nie, druk jy nou in, want jy weet nie watter uur Hy kom nie.

53 Israel nou daaronder in Egipte, tipe van die Kerk wat uitgeroep word, Eksodus, die 1ste hoofstuk. Israel in Egipte gevestig, na Josef. Nou gee dit my net presies omtrent, omtrent dertig minute. Ek sal soveel daarvan probeer inkry as wat ek moontlik kan. Nou, hulle was in Egipte gevestig as gevolg van die droogte, Isak wat afgegaan het, en die aartsvaders geneem het. En daar het hulle in Gosen gewoon. Maar Josef, toe hy gesterf het, ('n pragtige illustrasie) het hy melding gemaak van die vertrek van die kinders van Israel, en melding gemaak van sy bene. Luister. As julle my sal verskoon, sal ek graag wil laat val. . .

54 Julle weet, as jy die Woord reg lees soos *hierdie* hier, is dit in die haak, maar jy mis beslis die betekenisse Daarvan. Die Woord is tussen die lyne geskryf. Jesus het gesê: "Ek het Dit verberg vir die oë van die wyses en verstandiges, en Dit geopenbaar aan kindertjies wat wil leer." Hierdie teologiese kweekskole is net soos daardie priesters destyds daar was, en die hoëpriester en hulle almal, wat die Woord gelees het, maar nie Jesus as die Christus gesien het nie. Sien wat ek bedoel?

55 Nou kyk na daardie aartsvaders. Waarom het ou Jakob, toe hy daar in—in Egipte gesterf het, hy gesê: "Moet my nie hier begrawe nie"? En hy het Josef sy hand laat lê op daardie kreupel heupbeen, en by God laat sweer dat hy nie sy bene daarbinne sou begrawe nie. Het julle dit geweet? Gesê: "Neem my terug na my tuislande en begrawe my."

56 Kyk na Job wat daaragter sit, uitgebreek, vol swere, en hy het die dag vervloek toe hy gebore is. Die oudste Boek in die Bybel is Job, dit is geskryf voor Génesis. Kyk na hom wat daar staan, wat sy. . .kam met 'n potskerf, wat daar agter sit, op 'n ashoop. Ek het eenkeer daaroor gepreek hier vir omtrent drie maande agtermekaar. Party mense het vir my gegee, ingeskryf, vir my gesê, gesê: "Broer Bill, wanneer gaan jy Job ooit van die ashoop afkry?" En ek—ek. . .oor hom wat daar gesit het. Daardie groot besluitnemingstyd, iets moes gedoen word. Daardie zero uur. Maar julle weet wat gebeur het toe ons hom van die ashoop afgekry het, iets het gebeur.

57 Dis hoe ons hierdie herlewings probeer doen. Ons vestig die aandag van die mense op Christus, hou dan hierdie plekke tot jy 'n plek kan kry waar jy dit tuisbring. Dis die ding. Dis Heilige

Gees wat gereed maak. Voel die Gees onder die mense beweeg, en jy weet wanneer dit gereed is vir die doodskoot.

58 Let op, daar sit Job daar, bekommerd. Sy vrou het selfs teen hom gedraai, oorgestap en gesê: "Job, waarom vloek jy nie God, en sterf nie?"

59 Hy het gesê: "Jy praat soos 'n dwase vrou." Hy het gesê: "Die Here het gegee, die Here het geneem, geseënd sy die Naam van die Here."

60 Hier kom die kerklidmate af en sit met hulle rûe gedraai op hom vir sewe dae, wat 'n troos! Gesê: "Job, jy's 'n geheime sondaar. Jy het gesondig." Job het geweet hy het nie gesondig nie. Gewys wat hulle daarvan geweet het.

61 So, in die nood, 'n regverdige man, God wat met 'n heilige werk, het Hy 'n man gestuur met die naam van Elíhu. En Elíhu het hom nie beskuldig nie; net van om God te beskuldig. Maar Elíhu het vir hom gesê, gesê: "Nou, Job, jy het al hierdie dinge dopgehou." Hy het gesê: "Nou, daar kom 'n Regverdige Een Wat in die bresse gaan tree tussen 'n sondige mens en 'n heilige God. En dan sal daardie man vir wie hulle na die graf toe sal gaan om oor te treur, en jy dit nie sien nie, dan sal hy opstaan."

62 Toe, toe Job dit gehoor het, het hy op sy voete gestaan. Goeiste! Die weerlig het geflits, die donderweer het gedreun. Wat was dit? Die profeet het weer teruggekom in die kanaal van God. Goeiste! Sy oë het oopgegaan. Hy het gesê: "Ek weet my Verlosser leef." Kyk, vierduisend jaar voor Hy op die aarde gekom het: "Ek weet my Verlosser leef!" Voortsetting: "Leef!" "En in die laaste dae," die laaste tweeduisend jaar: "sal Hy op die aarde staan. Al vernietig die velwurms hierdie liggaam, tog sal ek God in my vlees sien; Wie ek self sal sien, en my oë sal aanskou, en nie 'n ander nie." Daar het julle dit. Toe hy gereed gemaak het om te sterf, gesê: "Begrawe my net hier oorkant in Palestina."

63 Abraham het gekom met 'n belofte. Sara het gesterf, hy het haar net naby Job begrawe, 'n stuk grond gekoop en haar begrawe. Toe Abraham gesterf het, het hy by Sara geslaap.

Abraham was die vader van Isak. Isak het gesterf, en hy het geslaap by Abraham.

64 Isak was die vader van Jakob. Jakob het gesterf, ver onder in Egipte, hy het gesê: "Moet my nie hieronder begrawe nie. Sweer dat jy my nie hier sal begrawe nie! Neem my bene en begrawe hulle daarbo by my vader." Hoekom? Hoekom? Dis nie geskrywe nie, broer, dis tussen die lyn.

65 Josef, toe hy gesterf het, het gesê: "Nou, sit julle my bene hier in 'n kis, maar julle moet my nie hier begrawe nie. Moet my nie hier begrawe nie. Neem my soontoe en begrawe my, bo in die beloofde land. Begrawe my daarbo." Hoekom? Gesê:

"God gaan julle eendag besoek. Ek los my bene hier om iets te verteenwoordig."

Net soos Josef sy bene gelos het, so het Jesus 'n oop graf gelos!

66 Elke ou Hebreër, op die rug geslaan, moeg en uitgeput, wat daar verby gesteier het, en al daardie Egiptenare het oorkant gekyk en daardie ou kissie gesien. Ek was veronderstel om daarna te gekyk het hier nie lank gelede nie, 'n ou klein loodkissie, uitgeholde ding. Dis waar sy bene veronderstel was om te gelê het. Hulle het dit daar in 'n museum, en ek het daarna gekyk, hy het gesê: "Dis waar Josef se bene gelê het toe Moses hulle opgetel en hulle saam met hom geneem het." En elke Hebreër wat daarin gekyk het, sou sê: "Eendag gaan dit verander word hieronder. Ons gaan uit." Die profeet, hulle het die pragtige kleed gehad, die een wat Christus op elke manier verteenwoordig het, soos ons gisteraand se les gehad het. "Hy het gesê!" Omdat hy vertrou het op wat God vir Abraham gesê het. Daar het julle dit.

67 Ek vertrou nog steeds op dieselfde ding vanaand, wat God vir Abraham gesê het: "Ek sal jou en jou Saad red." Ek glo dit.

68 "Eendag gaan julle hier uit," en hulle het dit geglo. En eendag, ou Josef se bene . . .

69 Moses het begin uitgaan, die Heilige Gees het met hom gepraat, gesê: "Jy vergeet iets, Moses. Gaan ondertoe en kry die—die bene van Josef." Moses het hulle toegedraai, en hier kom hy.

70 Die Vuurkolom wat hom gelei het na die beloofde land, en hulle begrawe het langs Isak en Jakob. Hoekom? Hulle het geweet daar sou die eerste vrugte kom van hulle wat ontslaap het. Hulle het geweet daar sou 'n opstanding kom, een van daardie dae. Hulle het daardie Regverdige Een geken, dat Job gesê het: "Ek weet my Verlosser lewe, en op die laaste dag sal Hy op die aarde staan." En hulle het geweet dat Job 'n idee gehad het waar Hy sou staan, so hy het gesê: "Begrawe my hier." Hulle wou by Josef wees, of by Job, en hulle het reg daar rondom begrawe in Palestina omdat dit die beloofde land was. En hulle het geweet die opstanding sou nie in Egipte wees nie, dit sou nie in Europa wees nie, dit sou nie êrens anders wees nie. Dit sou in Palestina wees, so hulle het hulle daar begrawe.

71 Jesus het gekom, hulle . . . die beloofde Een. Hulle het aan Hom gedoen wat hulle gesê het hulle sou, en, o, hulle het Hom doodgemaak, Hy het gesterf. Sy siel het afgedaal na die hel. Gepreek vir die siele wat in die gevangenis is. Die sleutels van die dood en die hel afgeneem by die duiwel. Teruggekom op Paasoggend. En soos Hy deur die Paradys gekom het, het Hy aan die deur geklop, halleluja, ek kan Hom hoor sê: "Kinders!"

Abraham sê: "Wie is Dit?"

"Ek is jou Saad, die Saad van Abraham."

Daniël het gesê: "Wie is Dit?"

"Ek is die Rots wat uit die berg gekap is."

72 Daar is hulle, die Ou Testament heiliges wat daar lê, en wag om beklee te word, in die Paradys. Hy het die deur oopgemaak. Abraham het gesê: "Gaan ons uit?"

"Dis amper daglig op aarde. Laat ons gereedmaak om te gaan."

73 Abraham het gesê: "Kan ons 'n blaaskansie kry? Ek wil graag die stad deurkyk."

74 "Wel, ja, Ek gaan My dissipels besoek vir veertig dae." En op Paasoggend het Hy opgestaan!

75 En Matthéüs 27 sê dat: "Baie van die liggame van die heiliges wat in die stof van die aarde geslaap het, het opgestaan, en uit die stad uitgekom, en aan baie van hulle verskyn in die stad."

76 Ek kan Sara en Abraham in die straat sien afkom, sê: "O, skat, kyk daar! Hulle het hierdie dinge 'n bietjie verander. Kyk hier rond hoe dit lyk."

77 Iemand het gesê: "Wie is daardie paartjie daar? Dit lyk asof hulle vreemdelinge is."

78 Hulle sê: "Ons word herken." [Broer Branham klap sy vinger—Red.] Het uit hulle sig verdwyn, soos Hy deur die muur gegaan het, julle weet, en hulle het Hom nie eens geken of sien inkom nie. Uitgegaan! Hulle het verheerlikte liggame gehad, en hulle het verskyn daar op aarde, halleluja, vir 'n eerste vrugte van die bewys van God se krag en die opstanding. Daar was hulle. Owerhede beroof en gestroop, en die dood en die hel geneem, dit versmoor. En opgestaan op Paasoggend, en in die Koninkryk ingegaan saam met Hom.

79 Geen wonder hulle het gesê: "Begrawe my in Palestina," nie. Hulle het geweet die opstanding gaan in Palestina wees.

80 Daarom, vandag, broer, kan jy kry wat jy ook al wil, al die ou koue formele godsdiens wat jy wil, maar, begrawe my in Christus, want hulle wat in Christus is, sal God saam met Hom bring in die opstanding. Sê wat julle ook al wil, en noem dit fanatisme en wat julle ook al wil, maar laat my net in Hom bly, want hulle wat in Hom is, kom uit die graf in die opstanding, want God sal hulle oprig. Hy het belowe om dit te doen. Amen!

81 Watter verskil maak dit of jy oud word? Wel, prys God! Wat het dit enigiets daarmee te doen? Nader aan die huis! Amen. O, glorie! Gaan my holy-roller noem, in elk geval, julle kan maar net sowel begin. Goed. Hoe wonderlik! Dis genoeg om 'n holy-roller van jou te maak. Wel, hoe kan ek nie gelukkig wees, en weet dis die Waarheid nie? Wel, sekerlik, ek's gelukkig. En almal wat daardie hoop het, borrel op.

82 Ek het altyd na 'n ou fontein toe gegaan waar ek altyd gedrink het. Junior, ek het altyd soontoe gegaan. En ek het gedink, toe ek gepatrolleer het, sou ek na hierdie ou fontein toe gaan. En ek het gesê dit was die gelukkigste ding daaronder, onder Milltown. Ek het altyd daarna gekyk, en ek het gedink: "Wel, wel, wat maak jou so gelukkig?" Dit—dit borrel, borrel, borrel, borrel net die heeltyd. Beste water wat ek ooit gedrink het. En ek het gedink: "Wel, wat maak jou so gelukkig, omdat die vee uit jou drink?"

"Nee, Broer Bill, dis nie wat dit is nie."

"Wel, wat laat jou die heeltyd borrel? Omdat—dat iemand hier afkom, water kry?"

"Nee, dis nie dit nie."

"Wel, miskien borrel jy net omdat ek daarvan drink."

"Nee."

Ek sê: "Wel, waaroor borrel jy?"

As hy kon praat, sou hy sê: "Broer Bill, dit is nie ek wat borrel nie. Dis iets agter my wat my stoot, wat opborrel."

83 En wanneer die Heilige Gees in 'n mens inkom, is daar iets, strome, fonteine van Water wat opborrel in ewige Lewe. Hoe kan jy. . .? Jesus het vir die vrou by die put gesê: "Hy wat hierdie Water drink, sal ewige Lewe hê. Dit sal in hom wees, fonteine van Water, wat opborrel in ewige Lewe." Halleluja! (Kom ons gaan terug na Eksodus.) O, goeiste, dink daaraan!

84 Ewige Lewe, na tienduisend miljoen jaar verby is! Wanneer hierdie ou seë, wat meer as twee derdes van hierdie, water, van die aarde is met water bedek, wat deur daardie groot branders daarbuite trek, wanneer hulle twee of drie keer so groot soos hierdie tabernakel sal rol, in die skepe ingebars, na die een kant toe val, die ander; een van hierdie dae, broer, sal hulle. . . sonde het so hoog opgehoop op die aarde, totdat hulle hulleself sal inween in die woestyne. Wanneer daar geen see meer is nie, geen mane meer, geen sterre meer nie. Halleluja! Sal ek voortleef! En elke ander wedergebore mans en vroue sal in Sy majestieuse Teenwoordigheid daar oorkant woon, gemaak, gelykvormig gemaak aan die beeld van Sy eniggebore Seun. Deur Sy genade word ons gered!

85 Geen wonder die digter het gesê dat: "Die liefde van God, hoe ryk, hoe suiwer, hoe onpeilbaar en sterk! Dit sal vir ewig voortbestaan, die heiliges en Engele se lied." Hoe kan ons stilbly? Goeiste!

"Is dit bewys, Broer Branham?" Ja.

86 Nou, Isak, Jakob, en nou Josef. En Josef het gesterf, wat 'n perfekte voorbeeld was dit nie, sy bene daar gelos as 'n gedenkteken.

87 Hier nie lank gelede nie . . . Ek dink nie Billy is daaragter nie, ek sê dit nie vir hom wanneer hy hier is nie. Ons het 'n blom op sy moeder se graf gesit, Versieringsoggend. Hy het gehuil, daar gestaan. En ek het gesê: "Billy, moenie huil nie. Maak net jou oë toe, kyk oorkant die see daar oorkant." Ek het gesê: "Moeder lê daar, en sussie lê by haar; maar hulle is nie daar nie. Daar's 'n leë graf oorkant die see daar oorkant." Halleluja!

88 Dis waar ek kyk, net soos die Hebreërs gekyk het: "Eendag gaan ons uit." En eendag gaan ons uit! Ek hoor nooit daardie "as tot as, of stof tot stof, en grond tot grond," wat ek nie dink aan: "Eendag!" nie.

89 Nou die dag toe ek 'n begrafnis gepreek het van 'n voormalige balju hier, van die stad. Die seun het pas na Christus toe gekom, binne 'n paar uur voor hy gesterf het. Ek het sy ou grys-kop pappa oor die kis sien uitreik, met bewende lippe en die trane wat afrol, daardie seun totsiens gesoen, en amper in die kis geval. Ek het dit gehoor, ek het omgedraai. En hy het die blomme laat val. Omgedraai, en ek het gesê: "As tot as, en stof tot stof, en grond tot grond." Ek het gedink: "Een glorieryke dag! Een goue dagbreek, sal Jesus kom!" Dis reg. Goed.

90 Wanneer gaan ons by die les kom? Ver onder in Egipte, het tye verbygegaan. (Bid vir my.) En daar het, toe, uiteindelik 'n Farao daar opgestaan wat nie vir Josef geken het nie. Vierhonderd jaar het God belowe sou hulle daar wees, en hulle was vierhonderd-en-twintig jaar toe hulle uitgegaan het.

91 Nou, 1ste hoofstuk, vanaf die 1ste tot die 5de hoofstuk, 5de vers, is Israel in Egipte.

92 En vanaf die 7de vers, verder aan na die 22ste vers, gaan oor hulle slawerny. Baie van julle het dit al baiekeer gelees.

93 Ek gaan nou by 'n kort punt kom. Het net 'n—'n klein tydjie. Dan begin ons in die 2de hoofstuk, die voorbereiding vir verlossing, die geboorte van Moses. Die mense het begin gereedmaak. Slawedrywers wat geslaan het, kinders wat doodgemaak is. Die ure van die ratte van God se profetiese wiele het gedraai tot by daardie tyd.

94 Luister, ek wil hê julle moet hierdie kry, ek glo hulle het weer tot daar gedraai. Ek glo ons is hier. Dis waarom ek dink dinge gaan soos hulle nou gaan. Die ou profetiese klok het getik tot reg naby aan die zero uur. 'n Tyd gelede daaroor gepreek. En 'n Duitse kunstenaar het dit geskilder, ek het dit in my huis, hang daar; 'n man in gebed, die Bybel oop, 'n vetkersie wat brand, en die horlosie vyf minute voor twaalf, op 'n olieverfskildery. Voorbereiding, gereedmaak, God wat gereedmaak om iets te doen. Nou kyk.

95 Toe Hy gereedgemaak het om iets te doen, het Hy 'n eienaardige geboorte gegee onder in Egipte, aan 'n klein seuntjie. Niks meer as enige ander seun nie. Dit was net 'n man van

die stam van Levi, vir hom 'n vrou gaan neem het, was Levi, en hulle het 'n babatjie gehad. En hulle het al die seuntjie babatjies doodgemaak, maar toe hierdie babatjie gebore is, was daar iets vreemds aan die baba, iets het gebeur. Voorbestemming, voorbeskikking. Moses het niks daarmee te doen gehad nie. Maar hy was Moses, so hulle het nie die koning se gebooie gevrees nie. Hulle het hom in 'n arkie gesit, en hy is reg onder Farao se drumpel grootgemaak (was dit reg?), om selfs sy seun te word. Goed, nou.

96 Moses het, vanaf die 11de vers, tot by die 25ste vers, identifiseer Moses homself aan die kinders van Israel. Baie weet hoe dit daar gebeur het. Hy het homself geïdentifiseer. En toe, toe hy het, het hy gedink die broers sou verstaan dat hy die man was wat gestuur is om—om hulle onder die slawerny uit te bring, maar hulle het nie verstaan nie. Is dit reg?

97 En, o, mense, wat 'n pragtige tipe is dit van vandag! Die einste Ding wat gekom het om die mense te verlos, hulle is bang Daarvoor. Hulle is bang vir die Verlosser.

98 Luister, toe hulle die tempel van Salomo gebou het, het hulle, die. . .Enige van julle messelaars hier kan dit nou baie goed begryp. Hulle het die seders van Lebanon af gebring, hulle het hulle laat afdryf van so ver soos Joppe af, en hulle per ossewa vervoer, ensovoorts, julle weet. Toe het hulle al hulle klip uitgekap, reg rondom die wêreld. Maar toe hulle bymekaargekom het, was hulle sulke volmaakte klipwerk! In veertig jaar van die bou van die tempel, was daar nie 'n geraas van 'n saag of 'n geluid van 'n hamer nie. Elke klip het gegaan, een was op *hierdie* manier gekap, een is op *daardie* manier gekap, een was afgekap aan *hierdie* kant, maar elkeen van hulle het ingepas. Hulle het die ding begin lê, die gebou opgerig, goed aangegaan. En hulle het 'n vreemde klip gekry. Hulle wou nie daardie ding hê nie, gesê: "Dit hoort nie hier nie." En hulle het dit uitgeskop, dit oorkant op die onkruidhoop gegooi. En, uitgevind, hulle het aan en aan en aan gebou, en, uitgevind, die einste klip wat hulle verwerp het, was die hoof hoeksteen. Jesus het so gesê.

99 En, vandag, die Metodiste, die Baptiste, die Lutherane, die Pinksters, oral rondom, as julle nie oppas nie, vriende; die ware Hoeksteen, sal julle Dit verwerp, en die Hoeksteen in die gebou van hierdie geestelike huis, is die Heilige Gees. Julle is bang Daarvoor. Julle is bang vir fanatisme. Ek weet ons het baie ou voëlverskrikkers en bespotting. Wel, as daar nie dit was nie, sou daar nie 'n ware Een wees nie. Maar daar's 'n egte artikel van die Heilige Gees in die doop. Dis waar. Goed. En nou het hulle Dit verwerp, sê: "O, ons kan nie *dit* doen nie. O, wel, ons kan nie Dit hê nie, Broer Branham."

100 Ek het nou die dag hier gesê, waar 'n dekaan van 'n groot kollege in my huis gesit het, en uit Billy Graham se instituut,

Dr. Sanden, 'n klomp van hulle wat daar sit. En hulle het gesê: "Broer Branham, ons sal jou sê wat die probleem is." Gesê: "Dis genoeg om die wêreld te bekeer." Gesê: "Ek sê jou wat die probleem is," gesê: "jy het te veel Pinksters en holy-rollers in jou diens. Dis wat die klagte is."

Ek het gesê: "Sal julle dit borg?"

"Wel, natuurlik, ons sou hê . . . "

101 "Ja, ek het so gedink. Nee, julle sou nie. Julle sou beslis nie." Dis presies.

102 Daardie groot kerke kan voortgaan en hulle teologie kry, en hulle kraai *hieroor* en kraai *daaroor*, en eenkant staan en kyk, met hulle D.D.'s agter hulle, en sulke goed, en party van hulle weet niks meer van God af as wat 'n konyn sou weet van sneeuskoene aantrek nie. Dis reg. O, o, hulle ken beslis al die Griekse woorde, en hulle ken die—hulle geleerdheid. God word nie geken deur teologie of geleerdheid nie. God word geken deur geloof! Kennis neem 'n mens weg van God af; geloof bring hom na God toe. Dis wat hom van God geskei het, in die tuin van Eden, hy het na die boom van kennis toe gegaan.

103 En die einste doop van die Heilige Gees wat Lewe vir die mense gebring het, die rede waarom die Pinksters en die holy-rollers, soos julle hulle noem, my ontvang het oor die onderwerp van Goddelike genesing.

104 O, sekerlik, konings en heersers, hulle hoor daarvan, hulle sê "kom hiernatoe," die Here, wat genadig is, genees hulle wat so is. Dis waar.

105 Maar al die res daarvan, wanneer jy praat van Ewige Lewe, hulle "behoort aan die Anglikaanse kerk," hulle "behoort aan *dit*, *dat*, die *ander*," hulle "behoort aan die kerk." Dit het niks daarmee te doen nie. Jy wat aan 'n kerk behoort, beteken nie *dit* vir God, tensy jy wedergebore is nie! [Broer Branham klap sy vingers—Red.]

106 Daar's net een Kerk, en dis hulle wat gebore is in die Liggaam van Jesus Christus, deur die doop van die Heilige Gees. Halleluja. Laat ek vir jou sê, my broer, daar's net een manier om in Christus in te kom. Dis nie deur hande te skud, of deur waterdoop, deur besprinkeling, deur ophou vleis eet, deur sabbatdae te onderhou nie. Deur op te hou rook, pruim, drink, vloek, al hierdie dinge, dis nie die manier in Christus in nie.

107 Sigarette rook, whisky drink, uitgaan saam met die ander, met vroue, onwettiglik, en al hierdie dinge wat julle doen, dis nie sonde nie. Daar's niks . . . Dis nie sonde nie. Vloek, swets, drink, dis nie sonde nie, dis die eienskappe van sonde. Jy's 'n sondaar, wat jou dit laat doen; maar dit is nie sonde nie, dis die eienskappe daarvan.

108 Net soos nou, dit gaan julle seermaak. Maar ek is verantwoordelik met God se Woord, gewillig om Dit te bespreek, enige tyd. Hier's waar julle Pinkstermense julle fout gemaak het, baie van julle wat hier sit, om te leer: "Die aanvanklike bewys van die Heilige Gees, praat in tale as die Heilige Gees." Wel, praat in tale is goed, maar dit is 'n eienskap. Dit is nie die Heilige Gees nie; dis wat die Heilige Gees doen.

109 Die Heilige Gees is die liefde van God. Ek kan dit bewys met die Bybel. "Al praat ek met die tale van mense en Engele, en het nie die liefde nie, baat dit my niks."

110 As jy 'n appelboom wil hê, en net 'n appel het, is jy ver van 'n boom af. Sien, dis 'n eienskap.

111 Sonde! Die rede waarom jy vloek, rook, drink, kwaad word en jou humeur verloor, en sulke goed, is omdat jy 'n sondaar is. Dis nie sonde nie; dis omdat jy 'n sondaar is. Jesus het gesê, die Skrif sê hierdie: "Hy wat nie glo nie, is alreeds veroordeel." As jy glo, doen jy nie daardie dinge nie, want die Lewe van Christus is in jou. En as jy hulle wel doen, is dit omdat jy 'n sondaar is en jy is nie 'n gelowige nie. Al bely jy om te wees, tog is jy nie. Die boom word geken aan sy vrugte. Nou, dit, laat dit net 'n oomblik insink terwyl ek lees. Dis reg. Dis wat Jesus gesê het: "Die boom word geken aan die vrugte wat dit dra. 'n Slegte boom dra nie goeie vrugte nie." Goed.

112 Ver onder, hier kom hulle, tyd van verlossing. Moses is gebore, grootgemaak op Farao se drumpel, uitgekom, gehoop die kinders sou besef dat hy die kêrel was wat dit sou doen. Maar het hulle dit gedoen? Nee, meneer. Hulle het gesê: "Wie het jou 'n heerser oor ons gemaak? Sal jy ons doodmaak soos jy die Egiptenaar het?" En Moses het gevlug. Goed. Moses, verwerp deur sy broers.

113 Vanaf die 21ste vers van die 2de hoofstuk, gaan ons net binne 'n oomblik stop hierby. Ek probeer julle net 'n agtergrond gee. Ons het net 'n paar minute oor, miskien sal ons môre-aand moet klaarmaak. Let op, hy is verwerp deur sy broers, en hy het uitgegaan in die land van Midian in en met 'n Heidense vrou getrou.

114 'n Volmaakte tipe van Christus, was Moses. Is dit reg? Al daardie aartsvaders was Jesus Christus wat in vorige lewe gelewe het. Moses gebore onder vervolging, net soos hulle al die babas doodgemaak het in die tyd van Moses. Jesus, toe Hy gekom het, het hulle al die babas doodgemaak om Hom te kry. Is dit reg? Die duiwel wat Moses probeer vang het, die duiwel wat Jesus probeer vang het. Hy het probeer!

115 Ek kan Jesus sien toe Hy opgegaan het, daaronder, aan die deur geklop het daaronder in die hel, daardie oggend. Halleluja! (Ek weet nie of dit in—in my is om dit vanaand nog te leer nie.) Wanneer ek Jesus kan sien toe Hy op Gólgota gesterf het,

opgevaar het, soontoe gegaan het en al daardie mense daar agterin gesien het, wat huil en skree, en aangegaan, gesê: "Julle moes na die profete geluister het." Hy het gepreek vir die siele wat in die gevangenis was. "Julle het Henog gehad, julle het die profete gehad, julle het die wette gehad, waarom het julle nie daarna geluister nie?" Hulle het nie. Die deur het toegegaan.

Afgegaan na die hel, aan die deur geklop. Satan het gesê: "Wie is daar?"

Hy het gesê: "Kom, maak die deur oop!" O, goeiste! Ek gee net 'n drama, natuurlik.

Na die deur toe geloop, en die deur oopgemaak, en gesê: "Wie is jy?"

Wel, Hy het gesê: "Ek is Jesus Christus."

"O, so jy het uiteindelik hier gekom, het jy? Huh! Ek was 'n lang tyd agter jou aan, kêrel."

"Ek weet jy was."

116 "Nou kyk! Ek het gedink ek het jou gehad toe ek Abel doodgemaak het. Ek het gedink ek het jou gehad toe ek Moses doodgemaak het. Ek het gedink ek het jou gehad toe ek al hierdie dinge gedoen het. Toe ek Johannes die Doper gekry het, het ek gedink ek het jou beslis gehad. Maar nou het ek jou, jy's hier in my besit!"

117 Ek kan Jesus Christus hoor sê: "Ek is die maagdelik-gebore Seun van God. Ek het uit die ivoorpaleise van My Vader uitgekom, en Ek het na die aarde toe gekom. En op die aarde, is gebaai vanmôre met My Bloed wat Ek gegee, en die prys van dood, sonde, en hel betaal het. Gee vir My daardie sleutels!" Halleluja! "Ek neem van hier af oor. Jy het die mense in ballingskap gehou, jy het hulle in vrees en alles gehou, maar Ek sal oorneem van hier af!" Halleluja! Hulle afgevat en hulle aan Sy Eie sy gehang, hom teruggestoot in die hel, en weggestap. Amen. Amen!

118 Die Magtige Oorwinnaar, na Hy die sluier middeldeur geskeur het, kyk, aanskou Hom oop en bloot! Die Magtige Oorwinnaar het opgestaan, gesê: "Ek is Hy wat dood was, weer lewe, en Ek lewe vir ewig, en het die sleutels van die dood en die hel." Halleluja! "Hy wat My Woorde hoor en glo in Hom wat My gestuur het, het ewige Lewe. Ek het die sleutels van die opstanding, Ek sal hom opwek in die laaste dag." Dit bevredig my. Amen! "Ek is Hy." Amen. O, goeiste!

119 Moses, verwerp deur sy eie broers; Jesus is verwerp deur Sy Eie broers. Josef is verwerp deur sy eie broers; sien Jesus wat daaronder in gewoon het, daardie Gees van God wat uitkom na Volmaaktheid. En hier is waar Dit Volmaaktheid was, in hierdie Man. Dis reg. Hy was in Moses, Hy was beslis; verwerp deur sy

broers, en was ’n vreemdeling in sy eie land, en het ’n Heidense vrou geneem. Halleluja.

120 Weer twee seuns. Amen. Ek sal daarby kom reg aan die einde van hierdie lesse, net omtrent Saterdag of Sondag. Daardie twee seuns, Efraim en Menasse. Weer twee seuns. Dit reg?

121 Verwerp deur sy broers, soos Jesus Christus verwerp is deur Sy broers; die Heilige Gees gestuur, verwerp deur die broers, en oorgekom het en wat nou ’n Heidense Bruid kry. Dit gegee soos Josef; verwerp deur sy broers, ’n Heidense bruid geneem het. O, goeiste! Nou, 2de hoofstuk.

122 Die roeping van Moses, die brandende bos. O, ek wens ons het tyd gehad om daarop in te gaan. Ons het nie. Net ’n paar sekondes nou, dan sal ons—dan sal ons probeer. Wanneer julle moeg word, steek julle hand op, en ek sal—ek sal ophou, ek sal eerlikwaar.

123 Kyk! O, broer, hierdie is soos mieliebrood en boontjies, Dit kleef aan jou ribbes. Dit sal jou ver laat gaan, jy kan ’n—’n goeie dag se werk vir die Here doen môre. Jy kan uitgaan en die duiwel ontmoet, sê: “Ek weet waar ek staan. Nie omdat ’n rilling teen my rug afgeloop het nie; want SO SPREEK DIE HERE! Gaan weg, Satan, ek neem nou oor.”

124 Nou is ons die seuns van God. Hmm! Wanneer? Nou! Môre-aand? Nee, net nou! Nou is ons die seuns van God! Nou sit ons saam in Hemelse plekke. Nou is die Heilige Gees hier. Wanneer? Nou! Nou het ons Ewige Lewe. “Sal jy in die Ewige Lewe inkom wanneer jy sterf, Broer Branham?” Ek het dit nou! Ek besit dit nou. Hoe? Jesus Christus het so gesê, SO SPREEK DIE HERE.

So, gaan weg, dood. Gaan weg, Satan, jy het geen bande meer vir my nie.

Ou Paulus! Hulle het ’n kapblok daarbuite gebou, gesê: “Jy weet wat dit is, man? Gaan jou kop afkap.”

“Is dit? Ek het ’n goeie stryd gestry. Ek het die wedloop voltooi. Ek het die Geloof behou.”

125 “Haai! Wat gaan jy sê voor jy sterf?” Dood het gesê: “Ag, jou klein haak-neus Joodjie! Ek weet jy is geslaan met houe, en jou laat sak deur. . .sovoorts, en hulle het *dit*, *dat*, of die *ander* gedoen, maar nou het ek jou.” Hy het soontoe gekyk. Dood het gesê: “Ek sal jou laat bewe en skud.”

Hy het gesê: “Dood, waar is jou angel?”

Die graf daarbuite, en die modder (daardie Romeinse soldaat het modder opgegooi, om hom daaronder in te druk), gesê: “Ek sal jou vashou.”

Gesê: “O dood, waar is jou angel? Graf, waar is jou oorwinning?” “Maar dank God!”

Die graf het gesê: "Ek sal jou vashou. Ek sal jou vorm. Ek sal jou verkanker. Die wurms sal jou opvreet. Jou bene sal terugkeer na stof."

126 Maar Paulus het gesê: "Kyk na daardie leë graf daarbuite, ek is in Hom! Halleluja! Ek sal weer opstaan op daardie oggend en 'n kroon ontvang wat die Here, die Regverdige Regter, my sal gee. Nie net hulle nie, maar elkeen van hulle" (selfs hulle in die Branham Tabernakel) "wat Sy verskyning liefhet." Amen. Sekerlik.

127 Die duiwel is niks anders as 'n voëlverskrikker nie, maak jou net bang met iets. Hy het glad nie enige wetlike regte nie. Hy is gestroop van elke reg, magte. Hy het alles verslaan toe Hy op Gólgota gesterf het. Hier is Hy, wat nou afkom.

128 Moses het gevlug, was daarbuite agter in die woestyn, besig om Jetro se skape op te pas. Goeiste, veertig jaar was hy daarbuite, en hy het 'n paar kinders gehad. Reguit soontoe gegaan. En sy vrou, klein ou . . . Sy was 'n kwaai enetjie, en Moses het ook 'n humeur gehad, so ek veronderstel hulle het 'n lekker tyd buite agter in daardie woestyn gehad. Wat dink julle? God weet hoe om jou te kalmeer. Ja.

129 So, een oggend sien ek hom met 'n ou krom stok, wat voortstrompel, aanhang, tagtig jaar oud, en die wit wangbaarde wat afhang soos *hierdie*, en die hare wat afhang. Hy het eenkant toe gekyk, gesê: "Dis 'n vreemde gesig." Weer gekyk, gesê: "Waarom brand daardie boom nie uit nie?" Gesê: "Ek dink ek sal net afdraai."

130 Julle weet, partymaal hoor jy 'n klomp geraas en draai net af, kyk wat dit is, en word gered. Baie Vuur, julle weet; ja, Dit begin brand, die Heilige Gees Vuur begin brand, mense draai om en sê: "Wat is fout daarmee?"

131 Nou Moses het begin naderkom, sê: "Wonder hoekom daardie ding nie uitbrand nie? Brand nou al daar vir 'n halfuur, dit het dit nog nie uitgebrand nie." Nadergeloop, en gesê: "Wel, ek sal net naderstap en kyk waaroor dit alles gaan."

132 En 'n Stem het daaruit gepraat, gesê: "Trek uit jou skoene, die grond waar jy staan is heilige grond." Nou, Dit het nie gesê: "Trek uit . . ." Nie, Moses het nie gesê: "Ek sal my hoed afhaal," nie. Hy het gesê: "Skoene"! So hy het sy hand uitgesteek en sy skoene uitgetrek.

Gesê: "Wie is U, Here?"

133 Gesê: "Moses!" Nou hierdie, begin by die 3de hoofstuk, gaan af van die 1ste vers af, af na omtrent die 12de.

> Gesê, Moses, Ek het die uitroepe van My volk gehoor, en Ek het My belofte onthou. (O, halleluja!) Ek onthou My belofte aan Abraham. En Ek het hulle uitroepe en

versugtinge gehoor, Ek het afgekom om hulle te verlos. (Amen. Afgekom om Sy Woord te hou!)

134 Een van hierdie dae, die ou grafte daar oorkant, grafstene wat skeef sit op ouma se graf, dit maak geen verskil nie: "Ek onthou My belofte, Ek het afgekom om hulle te verlos." Ek gee nie om nie, laat dit 'n tydjie inkom, dit maak geen verskil vir my nie. Halleluja. Ek weet Wie die skip lei. En julle? Sit net stil.

"Ek het afgekom om hulle te verlos."

"Wat gaan U doen?"

"Moses, Ek gaan jou stuur."

"O Here! My stuur? Ek—ek kan dit nie doen nie, Here."

"O, ja. Ek het jou in hierdie wêreld gesit vir daardie doel."

135 "Wel, ek's tagtig jaar oud, en soort van styf in my rug, ek mag artritis hê. En ek is nie 'n welsprekende man nie. Ek—ek kan nie baie goed praat nie." Nou, Wie het die mond van die mens gemaak? Hy het gesê: "Here, as U vir my U Heerlikheid wys, sal ek gaan." Amen. (Moenie bang word nie, daardie woord beteken "laat dit so wees," sien.) "Wys my U Heerlikheid en ek sal gaan." Ek hou daarvan om 'n bietjie van daardie Shekinah Heerlikheid te sien, en julle? Ja, meneer. "Wys my U Heerlikheid, Here. Nou, wat, wat is U Heerlikheid, Here?"

"Moses, wat is daardie in jou hand?"

"Dis 'n stok, Here, 'n ou krom stok."

136 Gesê: "Gooi dit op die grond." Dit op die grond gegooi, in 'n slang verander. Hy het teruggespring. Gesê: "Tel hom aan die stert op." Hy het, dit het weer 'n stok geword. Gesê: "Nou, Moses, wat is daardie in jou. . .?" Gesê: "Neem jou hand, sit dit in jou boesem." Hy het, oor sy hart. Dit uitgetrek, dit was wit van melaatsheid. Sien, beteken die gewete van die mens, die hart van die mens is wit van melaatsheid, einste gedagtes van sy verstand is melaatsheid, sonde. Hy het dit teruggesit in sy boesem, en dit weer uitgetrek. Wat moes gedoen word? Toe dit weer uitgekom het, was dit wit, skoongemaak, net soos 'n baba se hand, soos die ander hand.

137 Hy het God se Heerlikheid gesien. Wat is God se Heerlikheid, dan? Wonderwerke, tekens, wonders, en Goddelike genesing. "Wys my U Heerlikheid, Here."

138 Toe Hy gereed was om Sy volk te verlos, daar kom Moses, die Heilige Gees, en wys tekens, wonders, en Goddelike genesing. Amen. Reg! Toe het hy in sy hand gekyk, hy het gesê: "Goeiste!" En, kyk, hierdie was 'n oordeelstaf. Dit was die staf, ons sal uitvind in môre-aand se les oor hoe daardie staf oor Egipte gewuif het. Dit was nie Mo-. . .dit was God se oordeelstaf. En die hand wat God se oordeel vashou, moet gereinig word, amen, 'n gereinigde hand van sy melaatsheid. Hy het dit opgetel, gesê:

"Nou, gaan nou af na Egipte. Jou broer is op pad hiernatoe, en hy sal 'n profeet vir jou wees, en jy sal soos God wees vir hom."

139 Hier gaan Moses, gekom en gesê: "Jetro, ek moet jou vandag verlaat." Het 'n ou muil gegryp en 'n halter aan hom gesit, soos daardie, en sy vrou op hierdie ou muil gesit het, met 'n kleintjie op elke heup, en hier het sy gegaan. Kan julle julle dit voorstel? 'n Ou man, tagtig jaar oud, wangbaarde, lang baard en lang hare, 'n krom stok in sy hand, 'n ou donkie lei, met 'n vrou wat daarop sit, met twee kinders, wat afgaan om Egipte oor te neem? Kan julle julle so 'n gesig voorstel?

"Gaan af om wat te doen, Moses?" Party van hulle.

140 "Hier gaan ek." Goeiste, hy het 'n lekker tyd gehad. "Komaan, Sippóra." Dis sy vrou, julle weet. Die ou donkie ook saamgesleep. Gesê: "Komaan, ons gaan af na Egipte, gaan af om oor te neem." Egipte was soos Rusland. Die grootste gemeganiseerde eenhede, die grootste leër in die wêreld, was in Egipte. Dit kon van die hele wêreld ontslae raak, totaal verpletter. En Moses het afgegaan om oor te neem. 'n Ou man met 'n stok in sy hand, 'n vrou wat op 'n muil sit, met 'n kind op elke heup, hier het sy gegaan, hulle het afgegaan om oor te neem. Hoekom? God het belowe. Prys God!

141 Dis net so by Kades-barnéa. God het hulle belowe. Josua het gesê: "Ons kan dit doen, want God het so gesê!"

142 Daar is hulle, wat afgaan na Egipte. En kyk nou hoe agterlosig kan 'n man raak. In die herberg, het God hom hieronder in die herberg ontmoet, en sou hom doodgemaak het, en Sippóra het gegaan en 'n skerp klip geneem en haar twee kinders met 'n skerp klip besny, en die voorhuid voor Moses gegooi, en gesê het: "Jy's 'n bleddie man vir my," net Moses se lewe gered. Wat het Moses gedoen? Moses het in so 'n gewoel van die dag beland, totdat hy op so 'n—'n plek was om soontoe te gaan, dat hy die seël van besnydenis vergeet het.

143 En dis waar ons vandag doen. Dis waar die heiligheidskerke misluk. Ons het soveel tyd, die Here het ons baie geld gegee, ons bou yslike groot kerke, en groot torings, en sit sagte sitplekke in, en pyporrels, tot ons die Seël van God vergeet het, wat die doop van die Heilige Gees is. Waar! God, stuur vir ons 'n—'n Sippóra. Dis reg. Besnydenis! Elkeen wat manlik was in Egipte, van Israel, wat nie besny was nie, is afgesny. En besnydenis was die seël van die belofte. En besnydenis van die Ou Testament, is die doop van die Heilige Gees van die Nuwe. En elke mens buite die doop van die Heilige Gees sal afgesny word. Daar het julle dit. God, wees genadig!

144 Ek—ek—ek weet ek maak julle moeg, maar ek het net so 'n tyd! Ek, wel, miskien moet ek stop. Goed. Dan net môre-aand by die 4de vers, die 4de hoofstuk begin.

145 Jehova, in die laaste deel van die 4de hier, 3de, maak Sy Naam bekend: “EK IS DIE EK IS.”

Gesê: “Wie gaan ek sê het my gestuur?”

Gesê: “EK IS.”

Gesê: “Die mense sal dit nie glo nie.”

Gesê: “Sê vir hulle EK IS het jou gestuur. EK IS.” Nie “Ek was, Ek sal wees,” nie. Maar: “EK IS,” dis teenwoordige tyd.

146 Die Jode het eendag daar gestaan en water drink, en hulle het gejuig en gepraat van die manna wat hulle geëet het in die woestyn. En Jesus het tussen die mense gestaan, Johannes 6, en uitgeroep, by die fees. En hulle het gesê: “Wel, ons vaders het manna geëet in die woestyn.”

147 En Hy het gesê: “Hulle is, elkeen, dood.” Hy het gesê: “Maar Ek is die Brood van die Lewe wat kom van God uit die Hemel, die Boom van die Lewe uit die tuin van Eden, as julle wil. Ek is die Brood van die Lewe uit die. . . uit die Hemel. En as ’n mens hierdie Brood eet en hierdie Bloed drink, My Bloed drink en My Vlees eet, het ewige Lewe, en Ek sal hom oprig in die laaste dag.”

148 Hulle het gesê: “Hierdie man praat godslasterlik. Hoe gaan hy ons sy liggaam gee om te eet?” Hy het gesê: “Wel, nou, ons weet! Ons glo Moses. Moses is ons—is ons profeet. Ons glo Moses. En ons vaders is in die woestyn gevoed vir veertig jaar, met manna.”

149 Hy het gesê: “Ek weet dit.” Hy het gesê: “Ek weet dit. Maar elkeen van hulle is dood.” Hy het gesê: “Maar Ek is die Brood van die Lewe.”

“Wel!” Hulle het gesê: “Wel, wil u dit vir my sê?”

150 Hy was die Rots wat in die woestyn was. Hy was die Manna wat in die woestyn was. Hy was die Toonbrood in die tempel. O, Hy was die Waters in die Jordaan. Glorie! Hy was die Alfa, die Oméga, die Begin en die Einde. Dit was Hy wat Was, Wat Is, en Sal Kom. Hy was voor daar ’n wêreld was, Hy sal wees wanneer daar geen wêreld meer is nie. Die Wortel en Nageslag van Dawid, die Môrester, die Lelie van die Dale, en die Roos van Saron. Halleluja! Beide Wortel en Nageslag van Dawid, halleluja; voor Dawid, in Dawid, en na Dawid! Glorie! Ek glo in die Godheid van Jesus Christus. Hy was meer as ’n profeet. Hy was meer as ’n goeie man. Hy was God versluier in vlees, God in Christus, wat die wêreld met Homself versoen het. Dis Wie Hy was. Ons sal daarop ingaan binne ’n paar aande, Wie Hy was. Dis waarom jy nie geloof kan hê nie, omdat jy nie weet Wie Hy was nie.

151 “Wel,” het hulle gesê: “U sê dat u Abraham gesien het, en u is nog nie vyftig jaar oud nie.” Die Man was nie oor dertig nie. Hy was vermoeid, en Sy dienste het Hom verswak. Hy het gesê: “U’s nie ’n man ouer as vyftig jaar nie, en u sê u het Abraham gesien wat al vir agt of negehonderd jaar dood was?”

152 Luister! Hy het gesê: "Voordat Abraham was, IS EK." Halleluja! "Ek's Jehova." Hy's Jehova-manasse. Hy's Jehova-rapha! Hy's, die Jeh-. . .O, Hy. . .al die verlossingsname van Jehova was in Hom, en in Hom woon die volheid van die Godheid liggaamlik; daar is Hy.

153 "Ek het afgekom om hulle te verlos. Ek verklaar My Naam. Sê vir hulle dit sal 'n gedenkteken wees deur alle geslagte heen, dat EK IS DIE EK IS. Nie die 'Ek was' of 'Ek sal wees' nie. EK IS!"

Dieselfde God wat daardie aand daar was, is hier vanaand!

154 "Nou, Ek gaan voor jou uit, Ek gaan My Engel stuur, en Hy gaan in 'n Vuurkolom wees. En Ek gaan Hom nou voor jou uitstuur, as 'n Vuurkolom, en Hy sal jou lei." 'n Vuurkolom! *So* groot, soos 'n pilaar. "'n Vuurkolom sal voor jou uitgaan, om jou te lei. Die EK IS sal in daardie Vuurkolom wees."

155 Nou aan die Branham Tabernakel, en aan julle wat geassosieer is en hierdie waarhede ken, het julle geweet daardie selfde Vuurkolom is met ons vanaand? Julle onthou dat Sy foto daar geneem is, en hoe Dit nou oor die wêreld gegaan het, dieselfde Vuurkolom wat Moses destyds daar in die brandende bos gevolg het. Wat is dit? Enige geleerde hier durf nie. . .As ek hier rondgespeel het met hierdie woorde en dinge, ek weet wel waar ek staan. Ek het my kop reg aangeskroef, glo ek, deur die Heilige Gees. Laat ek vir julle sê, enige geleerde hier weet dat daardie Engel Wat die kinders van Israel gevolg het deur die woestyn, die Engel van die Verbond was, en die Engel van die Verbond was Jesus Christus. Moses het die rykdom van Christus groter rykdom geag as die hele Egipte. Is dit reg? Sekerlik, die Engel van die Verbond! Wat is Dit dan hier by ons? Hulle mag sê ons het, ons verstand verloor, ons is *dit*, *dat*, of die *ander*, 'n klomp holy-rollers, of iets, hulle mag dit miskien sê. Maar God Self het Homself bevestig in dieselfde Vuurkolom wat die kinders van Israel gelei het, wat ons reguit aanlei vandag. Halleluja! Glorie aan God! Dieselfde Een wat by Jesus Christus was destyds toe Hy gestaan het en Hy vir daardie Fariseërs gesê het, hulle wat daar gestaan het, die vrou by die put vertel het waar haar geheime sondes was, ensovoorts, Dit werk nou in ons midde. "Hy wat Was, Wat Is, en Sal Kom!" Halleluja! Ek soek na Hom, en julle? Prys God! Halleluja! Al die raaiwerk is verby. O, goeiste!

156 Wanneer ek die wonderlike kruis aanskou waar die Prins van Glorie gesterf het, reken ek al my roem as verlies, arme ellendige. . .

157 O, my sondaarvriend, hoe kan jy staan en daardie groot kerk oorkant in sy voorafskaduwing sien, wat ophoop, met daardie Vuurkolom om hulle te lei, en reguit terugkyk na reg hier vandag! Hoeveel het die foto? Laat ons julle hand sien. Hoeveel wil graag

die foto hê? Laat ons julle hande sien opsteek. Ek sal hulle môre-aand hier hê om julle te wys. Goed. Daar is dit, bevestig!

158 Dertigduisend mense, kritici wat daar gestaan het. Ek het gesê: "Ek maak nie aanspraak om 'n geneser te wees nie. Julle weet ek doen dit nie. Ek praat net van die Waarheid. Toe ek gebore is in 'n klein Kentucky hutjie daarbo, het die Engel van die Here by die venster ingekom en daar gestaan, daar was 'n Vuurkolom." En ek het gesê: "God het dit bewys. En as ek die Waarheid praat, sal God die Waarheid bevestig. En as ek 'n leuenaar is, sal God niks met my te doen hê nie." En omtrent daardie tyd, het sy gegaan Whew! Hier kom Hy. Die Amerikaanse Vereniging van Fotograwe, hulle almal daar, *Look, Life, Times, Collier,* en hulle almal. Die Amerikaanse Vereniging van Fotograwe het die foto Daarvan geneem. Gesê: "Ek dink dis sielkunde. Ons het Dit al vantevore gesien, maar ek dink. . . " En hulle het dit huis toe geneem. En, daar, het die Lig die lens getref. Hulle het dit na George J. Lacy toe geneem, hulle het dit onder alles gesit wat hulle kon. En nou hang dit in Washington, DC, in die eresaal. Halleluja! Wat is dit? Jesus Christus saam met daardie klomp wat hulle holy-rollers noem. God seën julle hart.

159 Elke beroemde skildery wat ooit geskilder is, moes eers deur die kriticisaal gaan. Die man wat die Laaste Avondmaal daar geskilder het, dit het deur die kriticisaal gegaan. Wel, hulle het gekritiseer. Dit het hom sy leeftyd gekos, maar nou hang dit in die eresaal. Dit moet deur die kriticisaal gaan.

160 En, broer, suster, toe ons begin het met dit wat hulle hierdie Heilige Gees godsdiens noem, daar ver terug jare gelede, moes ons in ou stalletjies inkom, iemand se huis, 'n klein winkeltjie iewers. En hulle het buite gestaan, die sondaars, kougom gekou, gelag en gespot, ons holy-rollers genoem. En in die tronk geslaap en alles. Dis reg. Hulle is geslaan, hulle is bespot.

161 'n Ou predikertjie het nou die dag in my huis gesit, dat hulle hom uit 'n stad weggejaag het, en hy en sy vrou. Om sy babas te voed. . .Hulle het buite op daardie komberse geslaap, nat komberse, en hulle in die bome opgehang en hulle laat droog word in die oggend. Dan sou hulle afgaan op die treinspoor, een mieliepit optel op 'n slag. Het 'n ou pan gehad, hulle het dit met 'n klip geslaan, en hulle sou vir twaalf of veertien dae op 'n slag lewe, van stampmielies.

162 My ou bestuurder, God seën sy hart, ou Broer Bosworth, wat oorkant in Durban, Afrika, lê vanaand, en bid vir my om soontoe te kom. Oorkant in Texas gelê, met sy rug stukkend geslaan, toe hulle gedreig het om sy keel af te sny, en alles. Toe hy geloop het met 'n gebreekte pols, sy tas probeer dra het. Geslaan, vir die preek van die doop van die Heilige Gees.

163 "Rondgeswerf in skaapvelle en bokvelle, en gebrek gely, en in woestynplekke; wie die wêreld nie waardig is om te ontvang

nie."

164 Die groot kerke het gespot en hulle vingers gewys. Hulle het gesê ons was holy-rollers. Toe ek gebou het die. . . die hoeksteen daar gelê het, het hulle gesê hulle sal daardie ou dingetjie in 'n motorhuis verander. Dit was twintig jaar gelede, en die Heilige Gees lewe nog steeds hier. Halleluja! Dis reg. En, wat hulle gesê het, fanatisme en alles was, konings en monarge regoor die wêreld het gevra! Groot manne is genees, die krag van God het om die wêreld gegaan, tot ons nou miljoene sterk staan. Halleluja! En een van hierdie oggende. . . Sy het deur die kritici gegaan, hulle het gesê dit sou uitbrand. Hulle het vir my gesê hieronder, gesê: "O, Billy, jy het jou verstand verloor. Dis al wat daaraan is." Selfs my eie skoonma het gesê: "Wel, die seun het mal geword." Maar, as ek is, geniet ek dit baie.

165 Laat ek jou iets vertel, broer. Luister hierna, en ek sê dit met respek. Halleluja! Die hele hel kan Dit nie stop nie. Dis verordineer deur Jesus Christus om so te wees, en dit sal wees. "Want op hierdie rots sal Ek My Kerk bou, en die poorte van die hel sal Dit nie oorweldig nie." Hoe, wat is dit, watter soort Kerk? "Vlees en bloed het dit nie aan jou geopenbaar nie, Petrus. Maar My Vader wat in die Hemel is, het dit aan jou geopenbaar, geestelike openbaring deur die Heilige Gees, van die Woord van God. Op hierdie rots sal Ek My Kerk bou, en die poorte van die hel kan Dit nie oorweldig nie." Sy beweeg aan.

166 Nou, broer, omdat sy bespot en vervolg is, en teruggestoot is en alles, een van hierdie glorieryke oggende, halleluja, die Groot Meester Wat in die Heerlikheid staan en Sy diensknegte uitwys. . . "Nie deur krag nie, nie deur geweld nie, maar deur My Gees," sê die Here. Nie deur teologie en nie deur taal nie, nie deur hierdie ander dinge nie; maar deur eenvoudige, heilige, onvervalste geloof in die Seun van God en wat Hy in Sy Woord gesê het. Hy skilder 'n prentjie. Hy skilder 'n prentjie. Wat is dit? 'n Heilige Gees-vervulde Kerk wat Hy voorbestem het, voor die begin van die wêreld, om oorkant te verskyn in Sy Heerlikheid. En een van hierdie oggende sal Hy afdaal, van die Hemel af, halleluja, soos 'n groot magneet, sal Hy daardie klein Kerkie optel wat vervolg is, Haar oorkant hang in die Eresaal, wanneer Sy deur die lug gaan, en skree: "Hierdie vleeskleed sal ek laat val, en opstaan en die ewige prys aangryp. Skree terwyl ons deur die lug trek, Vaarwel! Vaarwel! Soete uur van gebed!" Amen!

167 Hemelse Vader, ons dank U vanaand. Weet nie wat die probleem is nie, kon net nie in hierdie les ingaan, op een of ander manier nie. Die Heilige Gees wat beweeg, uitbars, oorbeweeg. O, ons dank U, dank U uit die diepte van ons hart, vir U liefde en krag. Dankie, Here, dankie vir nederige mense wat. . . in hierdie groot donker eeu hieronder. In hierdie groot tyd van selfvoldaanheid, o, hoogmoedig, verwaand, meer liefhebbers van genot as liefhebbers van God, die Gees spreek uitdruklik dat

hierdie dinge in die laaste tye sou wees. Twee Timótheüs 3, in U Woord, gesê hulle sou wees "Roekeloos, verwaand," meer weet as iemand anders: "verwaand, bandeloos, wreed, sonder liefde vir die goeie, wat 'n gedaante van godsaligheid het, maar die krag daarvan verloën; keer jou van hierdie mense af."

168 God, U het gespreek in daardie dag dat U 'n klein Kerkie sou hê, gesê: "Moenie vrees nie, klein kuddetjie, want julle Vader het 'n welbehae daarin gehad om aan julle die Koninkryk te gee."

169 Dankie, Here, dat ek ooit my arme oë oopgemaak het, ek, 'n arme blinde ellendeling daar oorkant in sonde, gebore in 'n sondige familie, en grootgemaak oor 'n whiskyvaatjie. O, maar, God, hoe U beskerm en gehelp en geseën en bevredig het! Hoe kan ek ooit my gevoelens uitdruk teenoor U, Here? O God, laat dit net die begin wees, Here, dat ek weer kan gaan na die uithoeke van die wêreld, oral, die Boodskap van redding en verlossing verkondig.

170 God, skud hierdie ou kerkie soos nog nooit tevore nie. Mag die Heilige Gees elke persoon hier beetkry, hulle laat vas en bid, en op hulle gesig lê dag en nag, en uitroep, Here, totdat die outydse herlewing hier uitbreek, Here, en hier oral uitgaan en 'n outydse tyd instuur wat mans en vroue sal terugbring na God. Skenk dit, Vader, want ons vra dit in Jesus' Naam. Amen. Amen.

Sal ons staan.

> O, ek wil Hom sien, Sy aangesig aanskou,
> Daar sing vir ewig van Sy groot genade;
> Op die strate van Glorie laat my my stem verhef;
> Sorge verby, eindelik tuis, altyd te juig.

171 Halleluja! Ek kyk hier onderdeur, ek onthou 'n ou man wat altyd daar gesit het wanneer ek daardie Boodskappe sou preek, gehuil het, die trane uit sy oë gevee, en sy arms om my gesit het. Een mooi dag gaan ek hom sien! Ek kyk daar oorkant en sien nog een wat daar oorkant sit, en ou Suster Weber. Ek onthou daardie verskillendes. En Suster Snelling wat altyd in die koor gesing het, ou klein rooikop Broer George wat daaragter sit, waar is hulle? Halleluja! Hulle word weggevoer oorkant na die boesems, halleluja, verseël in die Koninkryk van God. Ek het hulle dopgehou toe hulle gegaan het.

172 Ek het klein Broer George daar sien gaan, hy het deur die deur bly kyk en het huff, huff gemaak, en gesê: "Waar is . . .? Wat gaan aan?" (Gebid vir sy klein nefie vanaand, hy was siek.) En dan sou hy daar afkyk, en hy het aangehou . . . Hulle het gesê: "Hy soek na Broer Bill."

173 Hy het nie na my gesoek nie. Voor jy jou kom kry, het hy sy kop gedraai na die Ooste, hy het gesê: "O Jesus, ek het geweet U sou agter my aankom!" Sy hande uitgesteek en gesterf, uitgegaan

om God te ontmoet. Halleluja! O, goeiste! Kom ons gaan Huis toe! Het julle Hom lief?

174 Ek wonder of daar 'n man of vrou hierbinne is, sê: "Ek wil Hom graag ken in die volheid van Sy krag van Sy opstanding," steek jou hand op. God seën jou, dame. God seën jou. God seën jou. Julle wonder hoekom ek wag op hierdie altaar-oproep? Ek het 'n rede daarvoor. Goed, steek jou hand op. "Ek wil Hom graag ken in die krag van Sy opstanding."

175 'n Opstandingskrag, broer, ek bedoel nie iets wat jy moet grawe en trek en probeer nie. Ek bedoel jy gooi jouself los en God het jou al klaar oorkant toe weggevoer, iewers heen, waar dit net so 'n plesier is om vir Hom te lewe. Daar's niks in die... Wel, die ander dinge is net so dood soos—soos twaalfuur, sien. Niks, geen begeerte hoegenaamd nie, geen veroordeling vir hulle wat in Christus Jesus is nie. Goeiste! Daardie ou dinge van die wêreld, jy hoef nie met hulle op te hou nie, jy hoef nie; daar is niks om op te hou nie, dit hou jou net op. Jy, net dis eenvoudig dis nie meer daar nie, dit gaan net weg. Amen. Hoeveel het die Here lief, sê: "Amen." [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Sê dit baie hard. "Amen!" Goed.

> Neem die Naam van Jesus met jou,
> Kind...

Draai om en skud nou hande.

> ...en van wee;

176 Skud hand met iemand naby jou, sê: "Ek is bly om jou hier in die tabernakel te ontmoet," staan dan weer.

> ...jou,
> Neem Dit oral met jou mee.
>
> Dierb're Naam, O hoe soet!
> Aardse hoop en Hemelvreugd;
> Dierb're Naam, O hoe soet!
> Aardse hoop en Hemelvreugd.

Nou baie stil, luister:

> Voor die Naam van Jesus neerbuig,
> Aan Sy voete val ons neer,
> Koning van konings in die Hemel sal ons Hom kroon,
> As ons reis voltooi is hier.
>
> Dierb're Naam, (dierb're Naam!), O hoe soet!

177 Is Dit nie lieflik nie? Alles in die Hemel word Dit genoem, alles op aarde word Dit genoem: "Jesus."

> ...Hemel;
> Dierb're Naam, (dierb're Naam!), O hoe soet!
> Aardse hoop en Hemelvreugd.

Nou sal ons ons hoofde buig.

178 Groot Leermeester, Wat eendag op die berg gesit het, en U het gesê: "So sal julle almal bid":

> Onse Vader Wat in die Hemel is, laat U Naam Geheilig word.
> U Koninkryk kom. U wil geskied, soos in die Hemel, net so ook op die aarde.
> Gee ons vandag ons daaglikse brood.
> En vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe.
> En lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die bose. Want aan U behoort die Koninkryk, en die krag, en die heerlikheid, tot in ewigheid. Amen.

Goeie nag. Die Here seën julle.

In die Naam van Jesus . . .

53-0326 Israel En Die Kerk 2
Branham Tabernakel
Jeffersonville, Indiana V.S.A.

AFRIKAANS

©2026 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org

## Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op 'n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as 'n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op 'n webtuiste geplaas word, in 'n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

VOICE OF GOD RECORDINGS

P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.

www.branham.org